


# Kies en keur

KIES DIE JONGSTE PRODUKTE WAT JOU MET JOU VELSORGKWESSIES KAN HELP

*Deur* **LEANDRI DE KOCK**



**1. Makeup Worx Luxe 10 Piece Set R2 155, *www.themakeupworx.co.za***
Hierdie stel van tien grimeerborsels bied jou alles wat jy nodig het. Dis van VeganLuxe-vesels gemaak en is van goeie gehalte. Die borsels is geskik om van onderlaag tot oogskadu aan te wend. Dit kan maklik skoongemaak word sonder om die vesels te beskadig.

**2. Tree Hut Shea Moisturising Epsom Salt Coconut Lime R325, Takealot**
'n Bad met Engelse sout is nie net 'n heerlike manier om te ontspan en seer spiere te streel nie, maar is ook wonderlik vir jou vel. Die versagtende voordele, saam met galambotter en klapperolie, verseker dat jou vel heerlik glad en sag ná jou bad voel. Dit bevat ook magnesiumsulfaat om spanning te verlig, en die verfrissende lemmetjiereuk sal jou gemoed sommer dadelik lig.

**3. Eucerin Even Pigment Perfector Gentle Cleansing Foam R249, Clicks**
Die jongste reiniger van Eucerin is geformuleer om diegene met pigmentasie en donker vlekkies te help, danksy die bestanddeel bisabolol, wat inflammasie en droogheid verminder. Dit is vir alle veltipes, selfs sensitiewe velle geskik. Dit verskaf diep reiniging wat olie en grimering moeiteloos verwyder sonder om jou vel droog te laat voel.




**4. Catrice Magic Shaper Face Cream Palette R135,95, Dis-Chem**
Jou alles-in-een-oplossing, ideaal om in jou handsak te hou. Die palet bevat twee roomskakerings van blosser, verbruiner en kleurstiffie (*highlighter*) wat verskillende dele van jou gesig verhelder, verbrons, beklemtoon (*contour*) of kleur gee. En omdat dit so veeldoelig is, kan jy die blossers ook as lipstiffie gebruik en die kleurstiffie (*highligter*) as 'n room-oogskadu – jy kan meng en pas nes jy wil.

**5. Bvlgari Man In Black Parfum 100 ml R3 355, Woolworths**
Met 'n warm geur van speserye, van kardemom tot kaneel en swartpeper, is dié nuwe weergawe meer intens en ryk, en spesiaal vir mans wat na 'n unieke dog gesofistikeerde parfuum op soek is.

**6. Salvatore Ferragamo Signorina Libera EDP 100 ml R2 499, Edgars**
Die jongste toevoeging tot die Signorina-reeks is 'n vars, vrugtige parfuum met note van peer, roos, bergamot en pruim. Dis ideaal vir 'n sonnige herfsdag, en al neig die parfuum om soet te wees, verander dit in 'n warm, unieke geur wat ure lank hou. As jy van unieke parfuums hou, is hierdie een vir jou.




FOTO'S: VERSKAF, FREEPIK, ISTOCK IMAGES

**7. L'Oréal Elvive Full Resist Brushproof Cream R215, Clicks**
Dis nooit lekker om te sien hoeveel hare op jou borsel oorbly nadat jy dit deurgeborsel het nie, maar dit hoef nie elke dag se storie te wees nie. Die nuwe L'Oréal Elvive Full Resist-reeks is soos 'n oefensessie vir jou hare, en daarop gemik om jou hare te versterk en meer bestand teen daaglikse *wear and tear* te maak. Gebruik die hele reeks om werklik die voordele van bestanddele, soos aminexil, kafeïen, biotien, vitamien B5 en arginien te sien, maar waak daarteen om die laaste stap oor te slaan. Die Brushproof Cream moet saam met stilering gebruik word om te voorkom dat die hare verder beskadig word, veral as jy jou hare daagliks stileer en koebaai wil sê vir al die hare wat uitval.

**8. Herbal Essentials Nourishing Cream R330, *www.thebeautystore.co.za***
Appelkoosolie en aalwyn is twee bestanddele wat wondere op droë of ontwaterde vel verrig. Hierdie produk gebruik dié bestanddele se natuurlike vermoëns om die vel te streel, bevog en voed, en sodoende ook die vel gedurende die kouer maande te versterk. Dis eenvoudig en onopgesmuk – presies wat jou vel soms nodig het.

